



# Willem Postma Primêre Skool

Poulteneystraat 13 - Dan Pienaar - BLOEMFONTEIN - 9301

✉ 28176

DANHOF

9310

☎ 051 - 436-2730/1

☎ 051 - 436-4174

E-pos: [wpps@wpps.co.za](mailto:wpps@wpps.co.za)

## TAALBELEID

### 1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van **Willem Postma Primêre Skool** wat op **21 September 2015** deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

### 2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

### 3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig van die skool.

### 4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n enkelmediuminstelling.

Die taal van onderrig is Afrikaans van graad 1 tot graad 7.

## **5. Bevordering van veeltaligheid**

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal, ook Engels en as volwaardige taalvak by die skool aan te bied.

Dit geskied soos volg:

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:

- Afrikaans as Huistaal
- Engels as Eerste Bykomende Taal
- Sotho

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.